VERENIGING VIR TUISONDERWYS
CURAMUS
ASSOCIATION FOR HOME SCHOOLING

Arendstraat 6
Amandelsig
Kuilsrivier, 7580

epos / email : *contact@sahomeschoolers.org*
Tel : 082 907 9696

AJV 2009 : Voorsitter verslag

Die vorige AJV is gehou tydens die Kurrikulum Expo in Pretoria. Daar was 'n misverstand rondom die tyd van die vergadering en daarom het die vergadering nie op die geskeduleerde tyd plaasgevind nie. Aangesien daar nie tyd in die agenda was om 'n volledige vergadering later te hou nie, is daar 'n kort vergadering met 'n klein groepie gehou, om die essensiële sake af te handel.

Aangesien daar in 2009 nie 'n Kurrikulum Expo in Pretoria gehou is nie, omdat die voorsitter verhuis het na Kaapstad en aangesien dit al voorgestel is op die AJV van 2007, word die AJV hierdie jaar oor die Internet gehou.

Die hou van 'n AJV vind soos volg plaas:

1. Tuisskolers word uitgenooi om aan te sluit by die VTO, deur middel van die VTO se webtuiste by www.tuisskolers.org en www.sahomeschoolers.org. (18 Maart)
2. 'n Besprekingsgroep word opgestel met Googlegroups vir die uitsluitlike doel van die AJV. (1 April)
3. Lede wat aangesluit d.m.v. van die VTO se webtuiste word uitgenooi om aan te sluit by die besprekingsgroep. (1 April)
4. Die agenda, die notule, die voorsitter verslag en die finansiële verslag word uitgestuur aan die lede wat aangesluit het by die AJV se besprekingsgroep. (15 April)
5. Die agenda word deurgewerk op die besprekingsgroep. (29 April – 16 Mei)

Op 27 Mei 2008 het die nasionale minister vir onderwys gevra vir kommentaar op voorgestelde regulasies rondom die assessering vir die nasionale senior sertifikaat. Die implikasies van hierdie regulasies sou wees dan niemand 'n nasionale senior sertifikaat kon ontvang sonder om ingeskryf te wees as voltydse leerder by 'n geregistreerde skool vir graad 10, 11 en 12 nie. Kinders wat tuisonderwys ontvang sou dus nie meer 'n nasionale senior sertifikaat kan ontvang nie en as gevolg daarvan ook nie meer toelating tot tersiêre onderwys kon ontvang nie. Die VTO het 'n brief aan die Departement van Onderwys gestuur en die minister daarop gewys dat hierdie voorgestelde regulasies onregmatig inbreuk maak op kinders se reg op vêrdere onderwys, handel en veiligheid.

In 2005, 2006 en 2007 het die VTO briewe geskryf aan die Duitse ambassade om protes aan te teken teen die vervolging van tuisskolers in Duitsland. Die VTO bedryf ook 'n webwerf wat toegewy is aan die vervolging van tuisskolers in Duitsland by www.bremen-memorial.org. Hierdie webwerf word deurlopend op datum gehou met artikels wat handel oor die saak. Aan die einde van 2007 het die VTO ook 'n betoging gehou by die Duitse skool in Pretoria, waardeur die Duitse gemeenskap bewus gemaak is van die vervolging van tuisskolers in hulle tuisland. Na aanleiding van 'n voorstel op die *tuisonderwys* poslys, het die VTO op 8 Julie 'n brief gestuur aan pous Benediktus XVI waarin die pous bewus gemaak van die vervolging van ouers wat tuisonderwys gee in Duitsland.

Op 20 Augustus 2008 het die Gautengse Departement van Onderwys gevra vir kommentaar op beoogde regulasies rondom die registrasie van tuisskolers. Van die vereistes wat gestel word vir die registrasie van tuisskolers is die volgende:

- Ouers wat tuisonderwys gee, moet 'n onderwysdiploma besit;

- Leerders moet geregistreer wees vir tuisonderwys, voordat ouers mag begin met tuisonderwys;
- Al die leerareas wat voorgeskryf is in die Nasionale Kurrikulumveklaring moet gevolg word; en
- Ouers moet ’n verklaring teken om toestemming te gee tot tuisbesoeke deur departementele amptenare.

As reaksie hierop het VTO op 29 September 2008 ’n brief gerig aan die departement waarin die direkteur daarop gewys is dat die voorgestelde vereistes in stryd is met die grondwet, onbillik is en geen empiriese gronde het nie.

Op 19 Maart 2009 het die provinsiale onderwysdepartement ’n publieke vergadering gehou met die doel om privaatskole en tuisskolers “in lyn” te kry met die Nasionale Kurrikulumverklaring. Die vergadering is oorwegend bygewoon deur tuisskolers en daar was slegs enkele verteenwoordigers van privaat skole en daarom het die vergadering oorwegend oor tuisonderwys gehandel. Op die vergadering was bygewoon deur die Pestalozzi Trust en die Ooskaapse Vereniging vir Tuisonderwys. Tydens die vergadering is onder andere die volgende opmerkings gemaak deur amptenare van die Ooskaapse departement:

- Leerders moet geregistreer wees op die databasis van die Departement van Onderwys vanaf graad 1 om toegelaat te word om die graad 12 eksamen te skryf.
- Wanneer die nuwe databasis ingevoer is, sal tuisskool leerders alle toetse en eksamens van die skole moet skryf en gesinne wat tuisonderwys gee, sal nie meer die vryheid hê om vakansies buite skoolkwartale te neem nie.
- Dit kan tot 18 maande neem om ’n kind vir tuisonderwys te registreer.

Die verteenwoordigers het die departement daarop gewys dat die vereistes wat hulle stel nie wetlik afdwingbaar is nie.

Lorraine van Dyk was in kontak met kultuurorganisasies, maar het dit nog nie nodig gevind amptelik onder die naam van die vereniging op te tree nie. Sy voorsien dat dit in die toekoms wel nuttig kan wees en wil voortgaan om in die hoedanigheid van spesiale bestuurslid te skakel met kultuurorganisasies.



_____

Voorsitter

15 April 2009